# Grondslagfase wiskunde 212 (JGS 212)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Opvoedkunde |
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Programme** | BEd Grondslagfase-onderwys |
| **Kontaktyd** | 2 lesing per week, 1 praktiese sessies per week |
| **Onderrigtaal** | Beide Afr en Eng |
| **Akademiese organisasie** | Vroeë Kinderonderwys |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die doel van die kursus is die ontwikkeling van ‘n dieper begrip van die kritiese elemente van wiskunde, insluitend die stelsel van telgetalle en hulle eienskappe, asook die vier getal-bewerkings. Die oorgang na die rasionale getalstelsel en sy eienskappe word ondersoek, en aandag word gegee aan bewerkings met rasionale getalle. Getalpatrone en verwantskappe tussen getalle word onderstoek ter wille van die ontwikkeling van ‘n gemakliker vloei van wiskundige berekenings. Aandag word gegee aan verskeie wyses van voorstelling van wiskundige begrippe deur prentjies, woorde, simbole en diagramme. Die ontwikkeling van die ander hoof-temas in wiskunde, naamlik meting, meetkunde, statistiek en waarskynlikheid word ondersoek met die doel om insig te verkry in wyses waarop dit onderrig en geleer kan word. Daar word deurlopend aandag gegee aan probleem-oplossing en algebraïese denke. Die metodologie van die kursus sluit in praktiese aktiwiteite waardeur studente se selfvertroue en toerusting vir die klaskamer praktyk bevorder word. Hoewel aandag gegee word aan toepassings van begrippe binne die Grondslagfase, is hierdie uitkoms nie sentraal in die kursus nie.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.